



Kies die regte tuisversorger

Tuisversorging is 'n ideale opsie vir stabiele pasiënte wat nie hospitalisasie nodig het nie, ook in die geval van mense met Covid-19. Maar hoe kies jy die regte tuisversorger?

Tuisversorging van pasiënte en bejaardes raak al hoe gewilder omdat versorging binne 'n mens se eie woning 'n goeie en gerusstellende opsie vir baie mense is, sê dr. Martin de Villiers, Mediese Direkteur van Medwell SA.

Verskeie gesondheids-toestande kan suksesvol tuis gehanteer word, soos onder meer die volgende:

- aansterking en verdere rehabilitasie ná 'n operasie
- aansterking en rehabilitasie ná beroerte
- toediening van binnearse medikasie
- versorging wat ook koppeling aan 'n ventilator behels nadat die toestand gestabiliseer is
- versorging en verpleging van pasiënte met gevorderde lewensbedreigende siektes soos kanker
- tengersorg vir bejaardes wat hulp met alledaagse lewensfunksies benodig
- demensie-versorging (soos Alzheimersiekte) in 'n bekende omgewing
- Covid-19-versorging vir stabiele pasiënte.

“Tuisversorging is 'n baie gespesialiseerde en unieke diens wat vereis dat die versorgers in die bekende omgewing van die pasiënt se tuiste moet aanpas en funksioneer. Jy moet dus jou huiswerk doen voordat jy 'n tuisversorging-diensverskaffer kies,” sê Martin.

Wees versigtig vir dié skuiwergate:

- 'n Diensverskaffer moet 'n tuisversorging-praktyknommer hê om vir versorgers se diensure by mediese skemas te kan eis
- Die diensverskaffer moet goeie verhouding met mediese skemas

‘Maak seker dat al hierdie vrae sorgvuldig nagegaan word om die beste verskaffer te kan kies.’

- hê en korrekte inligting oor wat geëis kan word aangesien skemas nie vir alle dienste betaal nie
- Gaan die tuisversorging-diensverskaffer se diensrekord na – daar is baie swindelmaatskappye wat nie die nodige ondervinding of akkreditasie het nie
- Dienste moet voldoen aan die voorskrifte van behandelende dokters en unieke individuele behoeftes van 'n pasiënt
- Die evaluasie of assessering wat deur 'n geregistreerde verpleegkundige uitgevoer word voor die diens begin, moet die boublokke wees waarop 'n individuele sorgplan uitgewerk en geïmplementeer word
- Sorgplanne moet aan die beste kliniese riglyne voldoen wat wetenskaplik gebaseer is
- Die diensverskaffer moet 'n pasiëntgerigte benadering volg en die pasiënt en familie se voorkeure, behoeftes en waardes respekteer en kliniese besluite daarvolgens rig
- Die diensverskaffer moet 'n multi-dissiplinêre span hê wat na al die pasiënt se behoeftes kan omsien omdat die sosiale omstandighede in baie gevalle die sorg kompliseer
- 'n 24-uur noodlyn is noodsaaklik sodat daar ondersteuning gebied kan word aan familieledes en versorgers indien 'n noodsituasie sou ontstaan
- Die versorger(s) se bevoegdheid en opleiding is uiters belangrik – die persoon moet ten minste geakkrediteerde opleiding van die Kwaliteitsraad vir Ambagte en Beroepe (QCTO) hê
- Registrasie by die Suid-Afrikaanse

Raad op Verpleging (SANC) is nodig indien jou versorger 'n ingeskrewe verpleegster of verpleegassistent is

- Vra of die versorger(s) aan 'n kriminaliteitskontrole onderwerp is
- Tarief speel uiteraard 'n rol, maar maak seker dat die versorger(s) die minimum loon verdien en dat die maatskappy geregistreer is en hul Sars-verantwoordelikhede nakom. Oorhoofse koste van 'n geregistreerde maatskappy kan soms bydra tot effe hoër dienskosse, maar dit is belangrik dat hierdie aspekte ondersoek word voordat jy 'n besluit neem.

Martin sê wanneer 'n tuisversorging-diensverskaffer gekies word, laat 'n mens dikwels na om jou huiswerk deeglik te doen, omdat die sorg dringend nodig is of die prys bepalend is. “Maak seker dat al hierdie vrae sorgvuldig nagegaan word om die beste verskaffer te kan kies.

“'n Behoorlike verskaffer sal ook sy versorgers deurlopend indiensopleiding gee.”

HIER'S HULP

Medwell SA spesialiseer in die voorsiening van 'n bestuurde gesondheidsorgdiens as 'n alternatief vir langtermyn hospitalisasie en versorging in gespesialiseerde sorgfasiliteite. Besoek www.medwell.co.za of stuur 'n e-pos na info@medwell.co.za vir meer inligting. **B**